testpapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 9

## NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** 45

**TYD:** 1½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | KREATIEWE TEKSTE (Opstel) | (30 punte) |
   | AFDELING B: | TRANSAKSIONELE TEKSTE | (15 punte) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.

4. Voer die opdrag by elke vraag wat jy kies noukeurig uit.

5. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

6. Jy moet jou werk beplan (bv. ’n breinkaart/ diagram/ vloeidiagramme/ kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet voor die finale produk gedoen word.

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke skryfstuk van ’n gepaste titel/opskrif.

9. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het onder die skryfstuk neer.

10. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

    | | |
    |---|---|
    | AFDELING A: | ongeveer 55 minute |
    | AFDELING B: | ongeveer 35 minute |

12. Skryf netjies en leesbaar in swart of blou ink.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ OPSTEL van **250–300 woorde**.

1.1

> A: "Die ergste is die eensaamheid wat volg. Die goeie ding is dat jy weer nuwe verhoudings kan begin"
>
> B: "Wanneer twee mense se paaie skei, word hulle blootgestel aan nuwe wêrelde met nuwe uitdagings – dis die goeie deel. Die ergste is om terug te dink aan die goeie tye en dan te besef dat altwee saam met ander mense goeie tye sal beleef."

Dit is die mening van verskillende jong tieners in jou graad oor die beëindiging van ŉ verhouding. Wat is jou siening oor romantiese verhoudings op skool?

**TITEL:** Dit is goed om op skool ŉ vaste verhouding te hê … of nie? **[30]**

**OF**

1.2 Marius Tinus (digter):

*"die beste manier ommie taal te bewaar*
*is:*
*Liessit, prattit, skryffit,*
*ontginnit en bedryffit …"* **[30]**

**OF**

1.3

> **As ek elke dag by my venster uitkyk, sit daar ŉ donkerkop man met ŉ lang baard op ŉ bankie. Hy wil vir my bekend lyk, maar ook nie … Ek roep na hom …**

**Vertel die verhaal volledig.** **[30]**

**OF**

1.4 WAAROM HIERDIE OP MY WENSLYS IS … **[30]**

Kopiereg voorbehou 

**OF**

1.5 Die dorp/stad/woonbuurt waar ek bly, is voorwaar ŉ lekker plek. **[30]**

**OF**

1.6 Kies EEN van die onderstaande visuele prikkels en skryf ŉ opstel daaroor.
Voorsien jou opstel van ŉ gepaste titel.

1.6.1



[Bron: Google images] **[30]**

1.6.2



[Bron: Google Images] **[30]**

**OF**

1.6.3



[Bron: Google images] **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf **100–110** woorde oor elk. Skryf die nommers neer.

2.2 **INFORMELE BRIEF**

> **"Ek is so moeg vir jou gekla," sê haar/sy pa vies. "Elke dag hoor ek net 'ek wil nie' of 'ek is nie lus nie' of sommer net 'nee'. Jy moet 'n bietjie aan jou houding begin werk, jong dame/heer, of jy gaan van my ook net 'nee' kry.".**
>
> **(Verwerk uit die *AWS* 2017)**

Skryf 'n vriendskaplike brief aan jou pa/ma waarin jy jou gedrag verduidelik oor hoekom jou ma/pa jou so ervaar. Vra ook vir hom/haar verskoning. **[15]**

**OF**

2.2 **PLAKKAAT**

Jy het besluit om die gr.9-leerders by julle skool met hulle skoolwerk te help aangesien jy die werk goed verstaan en graag ekstra sakgeld wil verdien. Die hoof het vir jou toestemming gegee om plakkate in die skoolgebou op te sit sodat jy jou dienste kan adverteer.

Maak 'n plakkaat wat jy in die gebou kan opsit. **[15]**

**OF**

2.3 **INFORMELE TOESPRAAK/MONDELINGE AANBIEDING**

Jou oupa raak sewentig. Jy is die oudste kleinseun/-dogter. Jou ouma het vir jou gevra om vir jou oupa namens haar en die familie met sy verjaardag geluk te wens. Bedank hom ook vir al sy goedheid en omgee deur die jare.

Skryf die toespraak vir jou oupa wat jy tydens sy verjaardaggeleentheid gaan lewer. **[15]**

**OF**

2.4 **DAGBOEKINSKRYWING**

| |
|---|
| **GISTER …**<br>**VANDAG WEER …**<br>**WAT VAN MôRE?**<br>**EK WEET NIE MEER NIE … HOE LANK KAN EK NOG UITHOU?** |

Jy word elke dag geboelie en weet nie meer hoe om dit te hanteer nie.

Maak ŉ dagboekinskrywing aan die einde van die dag waarin jy beskryf wat daardie dag gebeur het en al die emosies wat jy ervaar het. **[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 15**
**GROOTTOTAAL: 45**

Kopiereg voorbehou